# Actara® SC

syngenta

Reg. Nr. **L7207** Wet Nr. 36 van 1947 **N-AR 0815** (Nambië) **W130335** (Botswana)

**'n Suspensie konsentraat sistemiese insekdoder met maag en kontak werking vir die beheer van verskeie plae op gewasse gelys op die etiket.**

| GROEP | 4A | INSEKDODER |
|---|---|---|

**Aktiewe Bestanddeel:**
**tiametoksam (neonikotinoïed).. 240 g/ℓ**

Product names marked ® or ™ , the ALLIANCE FRAME the SYNGENTA Logo and the PURPOSE ICON are Trademarks of a Syngenta Group Company

**Gevaarstellings:**
Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.
**Voorsorgaanbevelings:**
**Voorkoming:** Vermy vrylating na die omgewing.
**Reaksie:**
Versamel gemorste produk.
**Verwydering:**
Gooi inhoud/houer weg na 'n goedgekeurde herwinningsaanleg.

**WAARSKUWING**

**NOOD TEL NR.:**
**+27 82 446 8946 (Griffon)**

**UN 3082**

Registrasiehouer
**Syngenta SA (Edms.) bpk.**
Mpy. Reg. Nr. 1998/013761/07
Privaatsak X 60
HALFWAY HOUSE, 1685
Tel.: +27 11 541 4000

## 1. WAARSKUWINGS:

**Gevaarstellings:** Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

**Onthoudingsperiodes:** Laat die volgende minimum aantal dae toe tussen die laaste toediening en oes.

| | |
|---|---|
| **AARTAPPELS**............................................. | **56 dae** |
| **APPELS**........................................................ | **119 dae** |
| **BABARISSIES** (brandrissies en piquanté rissies)......................................................... | **45 dae** |
| **BLOUBESSIES**............................................. | **60 dae** |
| **KOOLGEWASSE** (cruciferae)........................ | **50 dae** |
| **MANGO'S**...................................................... | **130 dae** |
| **NEUTE**.......................................................... | **93 dae** |
| **PAMPOENGEWASSE**.................................. | **3 dae** |
| **PAPRIKA**....................................................... | **31 dae** |
| **SOETRISSIES**.............................................. | **41 dae** |
| **SUIKERRIET**................................................ | **6 maande** |
| **TAMATIES**.................................................... | **28 dae** |

**LET WEL:** Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoervereistes van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel gaan word bestem is vir uitvoer, skakel met die betrokke invoerder of uitvoerliggaam rakende die gebruik van hierdie produk, MRL-vereistes en aanbevole onthoudingsperiodes.

- Moenie toedien op mango's wat vir Atjar gebruik word nie.
- **MOENIE OP MANGOBOME GEBRUIK INDIEN DIE GEWAS OF VERWERKTE PRODUKTE SOOS SAP OF GEDROOGDE MANGO'S VIR UITVOER BESTEM IS NIE.**
- Hanteer versigtig.
- **ACTARA SC** kan ligte vel- en oogirritasie veroorsaak, vermy kontak met die vel en oë.
- Giftig vir bye.
- Berg weg van voedsel, voer en drinkwater.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Berg weg van sonlig en vog. Berg in die oorspronklike houer in 'n koel, goed deurlugte ruimte.
- Moenie onder 0°C of bo 35°C berg nie.
- Doeltreffende mytbeheer moet deurgaans toegepas word in gewasse wat met die neonikotinoïed-chemiegroep behandel word.
- **Herbetreding:** Nie van toepassing by grond-deurdrenkingsbehandeling nie.

### 1.1 Bestuiwer Voorsorgmaatreëls

- GEEN **ACTARA SC** lugbespuitings word toegelaat NIE.
- DIEN SLEGS toe na 100% blomblaarval.
- MOENIE **ACTARA SC** toedien indien aangrensende gewasse blom nie.
- **Onkruidbeheer:** Verwyder altyd die onkruide wat blom voordat **ACTARA SC** toegedien word. Dit kan gedoen word deur te sny, te bewerk, die deklaag te bewerk, te dors of deur toediening van 'n geregistreerde onkruiddoder. Wag ten minste vyf (5) dae voordat byekorwe in die behandelde land geplaas word na 'n **ACTARA SC** behandeling.
- Raadpleeg jou plaaslike Syngenta verteenwoordiger vir addisionele bestuiwer veiligheidspraktyke.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## 2. VOORSORGMAATREËLS

**Voorsorgaanbevelings: Voorkoming:** Vermy vrystelling na die omgewing. **Reaksie:** Versamel gemorste produk. **Verwydering:** Gooi inhoud/houer weg na 'n goedgekeurde herwinningsaanleg.

- Moenie die spuitnewel inasem nie.
- Voorkom aanraking met oë.
- Dra rubberhandskoene en 'n gesigskerm wanneer die konsentraat hanteer word.
- Was met seep en water na gebruik of toevallige kontak met vel.
- In geval van oogkontak spoel die oë uit met skoon water vir etlike minute.
- Was gekontamineerde klere na gebruik.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom kontaminasie van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Maak spuitapparaat skoon na gebruik. Raak op só 'n wyse ontslae van oortollige spuitstof, spuitmengsel of spoelwater dat dit nie gewasse, weiding, riviere, damme of boorgate sal kontamineer nie.
- Vermy kontaminasie deur neweldrywing of afloop van deurdrenkingsmengsels na ander gewasse, weivelde, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Spoel die leë produkhouer drie (3) maal op die volgende manier: Keer die leë houer om oor die spuittenk of die houer wat gebruik word vir die deurdrenkingstoediening en laat toe om leeg te drup vir ten minste 30 sekondes nadat die uitloop gestop het. Spoel daarna die leë houer drie (3) maal met skoon water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoudsvolume van die houer en voeg die spoelwater elke keer by die spuitmengsel in die tenk of deurdrenkingshouer.
- Vernietig die leë houer op die voorgeskrewe wyse en moenie die leë houer vir enige ander doel gebruik nie.

## 3. RELEVANTE STOWWE:

| Chemiese naam | Klassifikasie | Konsentrasie (w/w) |
|---|---|---|
| Nie van toepassing | Nie van toepassing | Nie van toepassing |

## 4. WEERSTANDSBESTUUR:

**ACTARA SC** is 'n groepkode 4A insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **ACTARA SC**, of enige ander groepkode 4A insekdoder, het. Indien hierdie insekdoders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **ACTARA SC** of enige ander groepkode 4A insekdoder, beheer word nie.

**Om weerstand teen insekdoders te vertraag:**

- Vermy die herhaaldelike, eksklusiewe gebruik van insekdoders in dieselfde insekdoder groepkode. Wissel af met, of gebruik in tenkmengels saam met produkte van verskillende insekdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoderprogramme.

Syngenta kan nie verantwoordelik gehou word vir enige verliese wat mag voorkom weens die gebrek aan beheer deur **ACTARA SC** teen weerstandbiedende plae nie.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## 5. GEBRUIKSBEPERKINGS:

- Maak seker dat die grond pH laer is as 8.5 voordat **ACTARA SC** as 'n gronddeurdrenking toegedien word.
- Gronde met 'n hoë klei-inhoud (bo 25%) kan die werking van **ACTARA SC** beperk.
- Die werking van **ACTARA SC** kan negatief beïnvloed word deur baie sanderige- of klipperige gronde waar loging van **ACTARA SC** voorkom, veral wanneer langdurende of baie hoë reënval voorkom.
- Dien **ACTARA SC** slegs toe op gesonde, aktiefgroeiende bome/plante met goed ontwikkelde wortelstelsels.
- Die werking van **ACTARA SC** kan beperk word deur faktore wat optimale sapvloei in die plante belemmer, bv. die voorkoms van virusinfeksies of grond- en wortelsiektes, ouer aanplantings (bv. makadamiabome ouer as 12 jaar), oorgewerkte bome, droogtestres, versuipingstoestande of hoë reënval met/of kort na toediening, of bome wat onder enige tipe stres toestande verkeer.
- Voor toediening, verwyder alle blare, plantreste, ensovoorts, onder die bome/plante waar die gronddeurdrenkingsmengsel toegedien gaan word.

## 6. GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

### 6.1 Verenigbaarheid

Moenie tenkmengsels maak indien toegedien as gronddeurdrenking nie.

### 6.2 Menginstruksies

- Maak die spuittenk of vermengings houer half vol met skoon water en voeg die benodigde hoeveelheid **ACTARA SC** by.
- Roer voortdurend terwyl tenk vol gemaak word en tydens toediening.
- Dien so gou moontlik toe, na vermenging. Moenie meer spuitmengsel aanmaak as wat vir die onmiddelike toediening benodig word nie.

### 6.3 Toedieningstegnieke

- Maak seker dat die toerusting korrek gekalibreer is, sodat 'n egalige bedekking teen die regte volume, verkry word.
- Was die toerusting deeglik na gebruik.

#### 6.3.1 Gronddeurdrenking

- Verwyder alle onkruide en plantreste onder die boom of wingerdstok en maak 'n dammetjie/slootjie rondom die stam. Dien reg rondom die stam toe, of in die geval van mango's, by die druppers (sien tabel).
- Besproei binne een (1) dag na toediening om produk in die grond in te was.
- Effe klam grond sal beweging van die produk in die grond bevorder.
- **ACTARA SC** en korrelkunsmistoedienings moet afsonderlik gedoen word.

## 6.4 Toedieningshoeveelhede

Verwys na 1.1 BESTUIWER VOORSORGMAATREËLS.

### AARTAPPELS

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Aartappel-snuitkewer** *(Sciobius horni)*<br>**Plantluise** *(Myzus persicae, Macrosiphum euphorbiae, Aphis gossypii, Smynthurodes betae, Aulacorthum solani, Rhopalosiphoninus latysiphon)* | 9 mℓ/100 m ry | **In-voor toediening:**<br>• Dien **ACTARA SC** toe as 'n enkel in-voor strooktoediening (tot 20 cm wyd), met plant, voor of na knolplasing. |

### APPELS

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Appelbloedluis** *(Eriosoma lanigerum)* | 3 mℓ/boom | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien toe na 100% blomblaarval.<br>• Meng met 1 ℓ water en dien toe met 'n beker.<br>• **ACTARA SC** moet slegs as gronddeurdrenking toegedien word waar mikro-besproeiing teenwoordig is.<br>• Oorhoofse- en drup-besproeiingstelsels is nie geskik vir toedienings as gronddeurdrenking nie.<br>• **ACTARA SC** moenie deur 'n besproeiings-stelsel toegedien word nie. |

Verwys na GEBRUIKSBEPERKINGS, TOEDIENINGSTEGNIEKE en BESTUIWER VOORSORGMAATREËLS.

### BLOUBESSIES

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Gebande vrugtekalander** *(Phlyctinus callosus)* | 0.3 mℓ/boom | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien eenmalig toe.<br>• Dien toe na 100% blomblaarval.<br>• Meng met 250 mℓ water en dien toe met 'n beker.<br>• **ACTARA SC** moet slegs as gronddeur-drenking toegedien word indien 'n besproeiingsstelsel teenwoordig is.<br>• **ACTARA SC** sal die gebande vrugte kalander populasie vir meer as een (1) seisoen verlaag indien |

**BLOUBESSIES** vervolg

| | | |
|---|---|---|
| | | indien alle plante aanvanklik behandel word. |

Verwys na GEBRUIKSBEPERKINGS, TOEDIENINGSTEGNIEKE en BESTUIWER VOORSORGMAATREËLS.

### BROODBOME

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Sagte luise** *(Coccus hesperidum)*<br>**Gepanserde dopluis** *(Diaspididae* spp.)<br>**Witluis** *(Pseudococcidae* spp.) | 3 mℓ/plant | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien toe op aktief-groeiende plante as 'n gronddeurdrenking rondom die basis van die plant in 250 mℓ oplossing per plant sodra die plaag waargeneem word. |

### DRUIWE

(Wyn- en tafeldruiwe)

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Witluis/Wolluis** *(Planococcus ficus)* | 1.2 mℓ/ wingerdstok | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien eenmalig toe binne een (1) maand na oes. Verwys na GEBRUIKS-BEPERKINGS en TOEDIENINGS-TEGNIEKE.<br>• Dien toe as 'n gronddeurdrenking om die basis van die wingerdstok in 500 mℓ water.<br>• Verhoog die water volume na 1 ℓ mengsel per wingerd-stok onder droëland toestande en in sanderige gronde.<br>• Moenie **ACTARA SC** deur die be-sproeiingsstelsel toedien nie.<br>• **ACTARA SC** kan op droëland- en besproeiingsdruiwe toegedien word. |

### JATROPHA

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Chrysomelid kewer** bv. **Goue vlooikewer** *(Alticidae* spp.) | 0.25 mℓ/ saailing<br><br>3 mℓ/plant | **Gronddeurdrenking**:<br>**Saailinge:**<br>• Dien toe in 'n 20 mℓ deurdrenkings-oplossing op aktief-groeiende saailinge tussen 28 en 30 dae nadat gesaai is.<br>**Volwasse plante:**<br>• Dien toe op volwasse plante na uitloop wanneer plante vol in blaar is, in laat lente of vroeg somer.<br>• Dien toe op aktief-groeiende plante as |

## JATROPHA vervolg

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Chrysomelid kewer** bv. **Goue vlooikewer** *(Alticidae* spp.) | 0.25 mℓ/ saailing | 'n gronddeurdrenking om die basis van die plant in 1 ℓ deurdrenking oplossing.<br>• Andersins, dien **ACTARA SC** toe sodra die plaag waargeneem word. |

## KOOLGEWASSE

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Plantluise** *(Brevicoryne brassicae, Lipaphis erysimi, Myzus persicae)* | 0.0083 mℓ/plant | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien toe met uitplant of binne ses (6) dae daarna as 'n gronddeurdrenking in 50 mℓ water/plant.<br>• Besproei binne 24 uur na toediening.<br>• Gronddeurdrenking met **ACTARA SC** moenie meer as een (1) keer per gewassiklus geskied nie. |

## MANGO'S

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Mangodopluis** *(Aulacaspis tubercularis)* [Onderdrukking]<br>**Witluis** *(Planococcus citri, Pseudococcus longispinus, ipaecoccus viridus)*<br>**Mangosnuitkewer** *(Sternochetus mangiferae)* | 6 mℓ/boom | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien toe na blom stadium.<br>• Die beste resultate word verkry in boorde met drupbesproeiingstelsels waar die produk direk onder die drupper toegedien word.<br>• Indien daar twee (2) druppers per boom voorkom, kan die toedieningsvolume in twee (2) gedeel word en die helfte by elke drupper toegedien word.<br>• Indien mikro-besproeiings-sisteme gebruik word, moet **ACTARA SC** om die stam van die boom toegedien word.<br>• Meng met 1 ℓ water en dien toe met 'n beker.<br>• Ongeag die toediening van **ACTARA SC** kan mangodopluis steeds op sommige vrugte voorkom.<br>• **ACTARA SC** moet slegs toegedien word as 'n ronddeurdrenking toediening waar mikro- of drupbesproeiing teenwoordig is en nie onder droëland toestande nie.<br>• Swak of oneffektiewe besproeiingstelsels kan die optimale werking van |

## MANGO'S vervolg

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| | | die produk belemmer. |

Verwys na GEBRUIKSBEPERKINGS, TOEDIENINGSTEGNIEKE en BESTUIWER VOORSORGMAATREËLS.

## NEUTE

(Sluit in amandels, makadamias, pistachios, okkerneute, haselneute en pekanneute)

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Stinkbesie kompleks** | 9 mℓ/boom **opgevolg deur** 6 mℓ/boom | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien die eerste toediening toe teen die einde van blom gevolg deur 'n tweede toediening 90 dae later.<br>• Die beste resultate word verkry in boorde met drupbesproeiingstelsels waar die produk direk onder die drupper toegedien word.<br>• Indien daar twee (2) druppers per boom voorkom, kan die toedieningsvolume in twee (2) gedeel word, en die helfte by elke drupper toegedien word.<br>• Indien mikro-besproeiingssisteme gebruik word, moet **ACTARA SC** rondom die stam van die boom toegedien word.<br>• Meng met 1 ℓ water en dien toe met 'n beker.<br>• Besproei binne 24 uur na toediening.<br>• Gronddeurdrenking met **ACTARA SC** moenie meer as twee (2) keer per gewassiklus geskied nie. |

Verwys na BESTUIWER VOORSORGMAATREËLS.

## PAMPOENGEWASSE

(Cucurbits groep)

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Plantluise** *(Brevicoryne brassicae, Lipaphis erysimi, Myzus persicae)* | 0.033 mℓ/ plant | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien 30 - 50 mℓ oplossing per plant toe met uitplant of binne vyf (5) dae daarna of met 100% ontkieming van direk gesaaide groot sade bv. Hubbards of botterskorsies.<br>• Besproei binne 24 uur na toediening.<br>• Gronddeurdrenking met **ACTARA SC** moenie meer as een (1) keer per gewassiklus geskied nie. |

Verwys na BESTUIWER VOORSORGMAATREËLS.

## RISSIES

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Plantluise**<br>**Witvlieë** | 0.03 mℓ/plant | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien toe in 50 mℓ oplossing/plant met uitplant of binne sewe (7) dae daarna, herhaal toediening 28 dae later. |

Verwys na BESTUIWER VOORSORGMAATREËLS.

## SUIKERRIET

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Geel suikerriet plantluis**<br>*(Sipha flava)* | 900 mℓ/ha | • Dien slegs een (1) keer toe, in 200 - 300 ℓ water/ha:<br>**Plantriet:**<br>• Dien toe as 'n enkele in-voor strook-toediening (30 - 50 cm wyd), tydens plant, na die plasing van die saadriet, as die laaste aksie voor toemaak.<br>**Oorstaan riet:**<br>• Dien toe tussen 7 en 30 dae na oes. Vir by-veiligheid, verseker dat die stoppel droog is voor toediening van die produk.<br>• Dien toe as 'n breë band toediening oor die riet rye. |

## TAMATIES

| Plaag | Dosis | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Witvlieë**<br>*(Trialeurodes vaporariorum, Bemisia tabaci)* | 0.03 mℓ/ plant **opgevolg deur** 0.09 mℓ/ plant | **Gronddeurdrenking:**<br>• Dien toe tydens uitplant of kort daarna as 'n gronddeurdrenking in 50 mℓ water per plant.<br>• In die geval van hoë witvliegdruk, herhaal toediening 28 dae later.<br>• Dien toe rondom die basis van die plantstam in 50 mℓ water/plant.<br>• Besproei binne 24 uur na elke toediening.<br>• Gronddeurdrenking met **ACTARA SC** moenie meer as twee (2) keer per gewassiklus geskied nie.<br>• Vir goeie weerstands-bestuur, wissel **ACTARA SC** toedienings af met witvliegmiddels van 'n ander chemiese groep. |

Verwys na BESTUIWER VOORSORGMAATREËLS.

**ACTARA™** is 'n voorgestelde handelsmerk van 'n Syngenta Groep Maatskappy.

© **SYNGENTA AG, 2000.** Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.

SA Reg.: 2017-07-06